## OP DIE SPOOR VAN DIE RETIEF-TREK DEUR BETHLEHEM

Die roete en bestemming van die Groot Trek was reeds in die aanvangstadium van die Trek onderworpe aan ernstige en drukke bespreking.[2] Veral ná die koms van Piet Retief en sy verkiesing tot hoofleier, het uiteenlopende gedagterigtings in hierdie verband duideliker na vore getree.[3] Hendrik Potgieter het na die verre noordelike binneland gekyk.[4] Maritz het van die begin sy oog op Natal gehad.[5] Dié voorneme het Retief met hom gedeel. Dit sou meebring dat die Retief-trekgeselskap deur die distrik sou beweeg wat later as Bethlehem bekend sou staan.

In Mei 1837 staan die meeste Trekkers nog in die omgewing van Winburg en na Sandrivier se kant toe. Uit aantekeninge in Erasmus Smit se dagboek gedurende die maande Junie tot Oktober 1837 kry ons 'n goeie beeld van hoe die Trekkers van plek tot plek ooswaarts versit het. Vooraan het Retief en sy mense gegaan, dan het die Maritz-geselskap gevolg, en ná hulle die Potgieter-trek. Elke groep het min of meer sy eie bewegingsvryheid gehad; na 'n dag of 'n paar dae se trek word daar gerus, en dan weer voortgetrek na 'n gunstige uitspanplek. „Alle laars trek stadig vort in oostelike rigting, deur Doornrivier, langs die suidekant van die Sandrivier op; en die vraag doet sig voor by hom (Retief) en Maritz, waar hulle die Drakensberg sou oorgaan," merk Preller op.[6]

Gevolglik het Retief besluit om 'n kommissie van vyf man te stuur om die bergpasse te ondersoek met die oog op 'n gangbare pad vir die Trek. Op Sondag, 2 Julie 1837, vermeld eerw. Smit in sy dagboek dat hy tydens die godsdiensoefening gebid het vir vyf gidse wat twee dae later „zouden rijden om te zien naar 'n gelegen weg, om tegen 't oosten op naar Port Natal te reizen."[7] Ongelukkig ver-

1. Hierdie artikel is gebaseer op veldwerk deur die skrywer in 1963 gedoen terwyl hy geskiedenis-onderwyser aan die Hoërskool Voortrekker, Bethlehem, was.
2. Vgl. Thom, H. B., *Die Lewe van Gert Maritz,* p. 164 *et seq.*
3. Vgl. Preller, G. S., *Voortrekkermense, II,* waar eerw. Erasmus Smit die volgende in hierdie verband aanteken:
   2 Mei 1837: by sommige was daar „'n klein verschil, of liever 'n misverstand" oor die Trek-roete;
   8 Mei 1837: Potgieter-aanhangers het vertrek op die weg „die zij voor zich verkozen te reizen;
   18 Mei 1837: Daar was 'n „grote bijeenkomst" om „met elkander te raadplegen over de weg der verdere voortreize;"
   17 Julie 1837: „Heden hoorden wij weer van onvrede wegens de weg, die wij zouden hebben te reizen: de een wilde zo, de andere weer 'n andere weg ingeslagen hebben."
4. Vgl. Potgieter, C. en Theunissen, N. H., *Hendrik Potgieter,* pp. 96—97.
5. Thom, *op cit.,* p. 167.
6. Preller, G. S., *Piet Retief,* p. 93.
7. Preller G. S,, *Voortrekkermense, II,* p. 114.

strek hy nie die name van die vyf verkenners nie. Hy is veel meer begaan oor wat hy te vertel gehad het aan 'n paartjie wat in die huwelik wou tree!

Terwyl die gidse besig was om pad te soek, trek Retief in 'n noordoostelike rigting totdat hy die Sandrivier bereik. In afwagting van hul verslag draai hy hiervandaan ooswaarts en trek stadig al langs die suidelike oewer van hierdie rivier op.[8] Op 28 Julie 1837 toe die Trek omtrent halfpad tussen die teenswoordige Winburg en Senekal was, het die verkenners veilig teruggekeer „met goede tijding",[9] nl. dat die ganse Trek „die berg op vijf verskillende punte sonder veel moeite sou kon oorgaan." Na aanleiding hiervan besluit Retief om „reg oost" te trek.[10]

Die Trek beweeg dus ooswaarts, steeds aan die suidekant van die Sandrivier, totdat hy op 15 Augustus by 'n spruit van die Sandrivier kom „die wij van de zuidzijde naar de noordelijke overreden."[11] 'n Blik op ide kaart en ondersoek ter plaatste toon dadelik dat dit die Sandsloot is — die spruit wat deur die dorp Senekal loop — en verder dat dit alleen in 'n suid-noordelike rigting tussen Senekal en waar dit ongeveer 'n myl verder in die Sandrivier vloei, deurkruis kan word.

Ná 'n uitspanning „in de nabijheid van 't halvemaans-gebergte" is die Trek verder ooswaarts. Op Dinsdag, 12 September 1837, bevind Retief se trek hom tussen „de zogenaamde Tafelkoppige bergen",[12] d.w.s. 'n reeks plat koppe wat ons tussen Paul Roux en Senekal antref en waaronder Biddulphsberg, Gwarriekop, Tafelkop en Zuringkrans gereken kan word.

Op 13 September was al die trekke in die nabyheid van Tafelkop, „bô aan Sandrivier"[13] byeen. Volgens Erasmus Smit is hier „'n grote bijeenkomst des volks" gehou. Dit was die plek waar die paaie uitmekaar geloop het: Maritz, Potgieter en Piet Uys, wat ook die vergadering bygewoon het, het hulle voorlopig van Retief afgeskei om noordwaarts te reis en Silkaats te gaan straf. Na afloop van die vergadering het 'n veelseggende insident hom voorgedoen. Iemand het aan Uys gevra: „Hoe zal 't dan nu met de reis enz. gaan?" waarop Uys misnoeg en onverskillig geantwoord het: „Een ieder gaat zijn weg: deze voor; anderen op zijde; genen zullen ach-

8. Preller, *Piet Retief*, p. 94.
9. Preller, *Voortrekkermense, II*, p. 121.
10. Preller, *Piet Retief*, p. 95.
11. Preller, *Voortrekkermense, II*, p. 125
12. *Ibid.*, p. 129.
13. Preller, *Piet Retief*, p. 96.

teraan komen."[14] Hieruit blyk duidelik dat daar tydens die volksvergadering geen eenstemmigheid oor die roete en bestemming van die Trek was nie.

Retief se trekgeselskap is hiervandaan reguit na Sandrivier. Enige myle noord van die huidige dorp Paul Roux deurkruis hulle die Sandrivier — waar daar vandag 'n brug op die Paul Roux-Kaallaagtepad is. Vandaar gaan die Trek noord van die Besterkoppies verby na Valsrivier (van hier waarskynlik die naam) wat „met moeite" en eers na die maak van 'n drif deurgegaan kon word.[15] Hierdie drif is waarskynlik die Klipdrif, 'n endjie onderkant die brug op die nasionale pad tussen Bethlehem en Bloemfontein.

Vervolgens beweeg die Trek in 'n suidelike rigting, tussen Meyerskop (langs die huidige nasionale pad, ongeveer 12 myl vanaf die dorp Bethlehem) en Loskop (op die plaas van mnr. Charl Cillié) deur na die noorde van Broodkop[16] (op die plaas van mnr. Hermanus Pieterse, naby die Barnea-spoorweghalte). Op Dinsdag, 19 September 1837, span hulle uit „in 'n vlakte bij de waterkuilen, die ik wel 7 in getal telde."[17] Dit is die reeks waterkuile, bekend as Uys-se-Kuile, geleë op die plaas van mnr. Wouda Rozenzweig ses myl van Bethlehem, links van die pad na Fouriesburg.

Volgens wyle mnr. Dewald Pretorius[18] ontleen hierdie plaas sy naam aan „'n jongedogter Uys, wat hier van 'n perd geval en haar arm gebreek het." Dit is nie onmoontlik dat hierdie voorval kon plaasgevind het nie, maar daar bestaan ook ander legendes in verband met die plaasnaam. Nakomelinge van Voortrekkers het teenoor wyle dr. J. N. W. Loubser[19] van Bethlehem getuig dat van Piet Uys se mense lank hier vertoef en deur Retief hier aangetref is. Ander verklarings wil dat van die Trekkers vooruit getrek het op soek na weiding en wild, en dat hulle waarskynlik by die kuile uitgekamp het totdat die hooftrek hulle ingehaal het. 'n Mens is geneig om hierdie uitleg te aanvaar, veral wanneer ons lees dat Retief in September 1837 aan kommandant Coenraad Meyer, W.

14. *Preller, Voortrekkermense, II*, p. 129.
15. Vgl. Preller, *Piet Retief*, p. 110: Na Tafelkop is Retief se Trek „vinniger vort in oostelike rigting, tot aan 'n loop van die Vaalrivier, waarlangs hul 'n endjie noordwaarts op is, om deur te kom."
16. Preller, *Voortrekkermense, II*, p. 131. Erasmus Smit vertel dat hulle „bij. 'n berg nog aan de noordzijde der spruit, in voor ons vee aangename weilanden" uitgespan het.
17. Preller, *Voortrekkermense*, II, p. 130.
18. Hy was 'n kind van die Voortrekker J. C. Pretorius en ek kon ryklik put uit sy herinneringskat.
19. 'n Kenner van Bethlehem se geskiedenis wat elke geleentheid aangegryp het om gegewens i.v.m. Bethlehem op te teken.

Bezuidenhout en B. Liebenberg met 9 waens „waarbij 'n klompie arm mense", verlof gegee het om vooruit te trek en wild te skiet.[20] Of daar 'n Uys onder hierdie mense was, kon egter nie vasgestel word nie.

Vanaf Uys-se-Kuile is die Trek oor die suidelike deel van die plaas Smalfontein (later Bonnington, eiendom van mnr. Horace Strap), oor die rand na die plase Poortjie en Trekpad en deur die As-rivier — so genoem omdat die as van 'n wa hier gebreek het en hoogswaarskynlik die drif geblokkeer en die Trek vertraag het. Hiervandaan het die Trekkers Klipnek deurgegaan (die ou pad is ten dele nog as sloot te volg) en op die middag van 23 September 1837 is in die Liebenbergskloof, tans Liebenbergsvlei, uitgespan.[21]

Hoewel mnr. Dewald Pretorius beweer dat Liebenbergsvlei na 'n sekere Liebenberg heet, „wat hier 'n petalje met 'n hartebees gehad het," kan dit nie sonder meer aanvaar word nie. Dit is beslis eienaardig dat eerw. Smit reeds die naam van die kloof by die aankoms van die trekgeselskap geken het. Dit is waarskynliker dat dit na Barend Johannes Liebenberg, die adjudant van Piet Retief, genoem is. Barend Liebenberg was na alle waarskynlikheid een van die vyf gidse na wie reeds verwys is. Hy het die goewerneur se geselskap klaarblyklik na hierdie kloof beduie.

Eienaardig is dit ook dat eerw. Smit op 29 September, toe hulle hierdie staanplek verlaat het, die volgende aanteken: „We reden door 'n dwarse kloof de Liebenbergskloof uit, die anders nog wel 2 schoften langer voor ons zou geweest zijn."[22] Dit skyn dus asof ander trekke 'n ander roete deur die latere distrik Bethlehem gevolg het, maar dat Retief iemand by hom gehad het wat die roete deur Liebenbergskloof as die kortste kon aanwys. Barend Liebenberg was waarskynlik hierdie persoon. Hierdie oortuiging word verder versterk na aanleiding van wat eerw. Smit enige dae later skryf, nl. dat Barend Liebenberg, wat op 30 September vooruit gery het, 'n boodskap gestuur het dat die Trekkers twee skofte verder 'n goeie staanplek met volop brandhout sou vind.[23]

'n Paar honderd treë wes van die ou Bethlehem-Kestell-pad, in die dwarskloof van Liebenbergsvlei, staan vandag nog 'n verweerde grafsteen met die volgende opskrif:

*„Ter Herdenken aan die Voortrekkers naar Natal*

20. Preller, *Piet Retief*, p. 110.
21. Preller, *Voortrekkermense*, II, p. 131.
22. *Ibid*., pp. 132—133.
23. *Ibid*. p. 134.

*Nagedachtenis van Paul Maré*
*Gbn. in het jaar 1767 onzes Heeren*
*Overleden 1837. Opgerig 9.11.93."*

Hierdie Trekker het volgens oorlewering soos volg aan sy einde gekom: Toe hulle deur Klipnek ry, was hy so verbaas oor die troppe wild wat skielik van ooral verskyn het, dat hy regop op sy wa gaan staan het om beter te sien. Skielik het die voorwiel in 'n erdvarkgat getrap, met die gevolg dat hy van die wa geval het en deur die skotskar, wat agter an die wa gekoppel en met kissies lemoenboompies belaai was, doodgetrap is. Omtrent honderd treë suidwes van hierdie graf is daar 'n stuk of agt graffies naby 'n alleenstaande groot rots. Dit word aangegee as die grafte van Voortrekkerkinders wat aan masels beswyk het.

Die roete wat Retief vanaf Liebenbergsvlei gevolg het, was feitlik identies met die ou Bethlehem-Kestell-pad noord van Langberg. Nadat hulle die hoogte bereik het, het hulle regs van die huidige nasionale pad tussen Bethlehem en Kestell in die rigting geswaai van die „Vijfbergkoppen, die zich als liggende leeuwen vertonen."[24] Hierdie koppe is op die plaas Basboomvlakte geleë, en die beskrywing van hulle as „liggende leeuwen" is besonder treffend. Verder is die Trekkers deur die poort agter hierdie koppe (Kasteelpoort) en op die aand van 29 September 1837 het hulle waarskynlik net suid van die teenswoordige dorp Kestell uitgekamp.[25] Hiervandaan is hulle reguit na die Elandsrivier, wat hulle op min of meer dieselfde plek gekruis het as waar die brug vandag op die Harrissmith-Witzieshoek-pad geleë is.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat slegs die Retiefgeselskap met sekerheid hierdie roete deur Bethlehem gevolg het. Ander Trekkers het nie almal hierdie pad na Natal gevolg nie, want as veeboere en weens die behoefte aan brandhout en water, het die Trekkers oor 'n groot oppervlakte versprei geraak. Vandaar dat baie van die ouer geslag vandag nog ander trekroetes deur die distrik aandui. Dit verklaar ook hoekom daar 'n hele paar paralelle ou paaie deur die distrik loop wat deur meer as een Bethlehemiet as „Voortrekkerpaaie" uitgeken word.

Dr. A. P. J. van Rensburg.

24. *Ibid.*, p. 133.
25. Ibid., Eerw. Smit skryf o.m.: „(W)e reden tot zonsondergang aan de zuidzijde van 'n spruit der Elandsrivier . . . ." Dit kan slegs die spruit ten suide van Kestell wees.